MEDIA RELEASE
BY CHRISTIAN DEMOCRATIC ALLIANCE (CDA)

6 OCTOBER 2010

Jordan – Malema: Making havoc of morality, bites back

"The disquiet in the ANC, as now demonstrated with Dr. Pallo Jordan's attack on Julius Malema, is the result of selective morality. For once, Malema has said more or less the right thing on single partner sexual relations and faithfulness, and now he is lambasted by Jordan by stating the ANC Youth League's official Aids policy is interpreted as an attack on Zuma's life style." So says Rev. Theunis Botha, leader of the Christian Democratic Party (CDP).

"As a Christian party, we naturally do not support Malema's interpretation of sexual relations, as we believe in faithfulness in a monogamous marriage. Terms such as partners as far as sexual relations go, is not part of our dogma, neither of the traditional cultures so often used as an excuse for promiscuity."

"We understand that it is likely that Malema meant to take a stab at Zuma, but by verbally lambasting him, Jordan has now implied official condonation of Zuma's life style, which not only involves polygamy, but also adultery. Jordan now appears to be going over board in his support of the proposed media freedom curtailment, and attacking Malema to win back Zuma's approval, after Jordan's name featured with those who were outspoken critics of the media proposals. "

"The result is, however, that the battle against Aids will probably be lost. Add this to the fact that Zuma never had his day in court on serious corruption charges, which complicates the process of rooting out this scourge, and it is quite clear that South Africa is paying a very high price for electing Zuma into the presidential office."

Jordan – Malema: Die mors met moraliteit byt terug

"Die onmin in die ANC, soos nou weer gedemonstreer deur dr. Pallo Jordan se aanval op Julius Malema, is die gevolg van selektiewe moraliteit. Malema het nou een keer in sy lewe min of meer die regte ding gesê toe hy getrouheid binne enkel-vennootverhoudings bepleit het. Nou word hy deur Jordan die kop gewas met die implikasie dat dit 'n aanval op Zuma se lewenswyse is as die ANC Jeugliga se beleid oor die bekamping van Vigs gestel word." So sê ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP).

"As Christenparty ondersteun ons uiteraard nie Malema se vertolking van seksuele verhoudings nie, aangesien ons in getrouheid binne monogame huwelike glo. Woordgebruik soos metgeselle in terme van seksuele verhoudings is nie deel van ons woordeskat nie, en is ook nie deel van die dogma van tradisonele kulture wat so maklik as 'n verskoning vir losbandigheid geopper word nie."

"Ons glo Malema het inderdaad bedoel om 'n trekhou op Zuma in te kry, maar deur Malema nou so oor die kole te haal, impliseer Jordan dat Zuma se lewenswyse, wat veelwywery en owerspel insluit, gekondoneer word. Jordan gaan heel waarskynlik nou oorboord om Zuma se guns te herwin, na Jordan se naam gereeld opgeduik het as een van die mense wat die nuwe voorgestelde mediabeperkings teenstaan. Nou is hy voor in die koor in sy propagering daarvan, en looi hy vir Malema."

"Die gevolg is ongelukkig dat die stryd teen Vigs waarskynlik 'n hopelose een word. Voeg hierby dat Zuma nooit sy dag in die hof oor ernstige korrupsieklagtes beleef het nie, en die stryd teen die allesverterende korrupsie word ook erg gekompliseer. Dit braak al hoe duideliker dat Suid-Afrika 'n besonder hoë prys betaal vir die verkiesing van Zuma tot president."